Laerskool Eligwa

H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate ● ✉ 11 ● VANDERBIJLPARK ● 1900 ● ☎ (016) 933-4774 ● E-pos: lseligwa@eligwa.co.za

23 Maart 2026

Nuusbrief Nr. 4 van 2026

Geagte Ouers / Voogde

Graag bring ek die volgende sake onder u aandag:

**1. AKADEMIE**

U kind sal ‘n vorderingsverslag met die skoolsluiting op Vrydag, 27 Maart 2026 ontvang. Die vorderingsverslae kan tussen 07:00 en 07:30 by die registerpersoneel afgehaal word. Ons amptelike ouermiddag is op **Dinsdag, 14 April 2026** vanaf 14:00 tot 16:00. U sal met die eerste skrywe van die tweede kwartaal meer inligting hieroor ontvang.

**2. PERSONEELSAKE**

Dit is met groot hartseer dat ons einde April moet afskeid neem van Me. Linda Schlechter. Ons wil vir haar baie dankie sê vir die onbaatsugtige diens wat sy vir die skool en die gemeenskap gelewer het. Ons wens vir haar ‘n wonderlike toekoms toe en bid God se seën oor haar uit.

**3. KARNAVAL**

U het reeds al die inligting ontvang rakende ons karnaval. Baie dankie byvoorbaat vir u positiewe gesindheid en ondersteuning. Leerlinge kan reeds begin betaal vir die ***Rainbow Inflatables*** bandjies (R90) en kaartjies (boekie vir R100 – maatjies, boeties en sussies kan deel). Maak dus in u begroting daarvoor voorsiening. Die kaartjies en bandjies vir die ***Rainbow Inflatables*** sal op die oggend van die karnaval aan die leerlinge uitgedeel word. Die sluitingsdatums vir die inbetalings van die borgvorms is Woensdag, 6 Mei 2026. Die karnaval is nie net vir ons leerlinge nie, maar ook vir ons ouers. Kom geniet die kosstalletjies saam met u kind en deel in die pret. Baie dankie byvoorbaat vir u positiewe gesindheid en ondersteuning.

**4. TOERE**

Sterkte aan ons O/12 en O/13-netbalspanne wat gaan toer vanaf 24 - 26 Maart 2026 by Mutango Lodge (Sportisimo). Ons glo julle gaan sommer baie leer en dit baie geniet.

**5. PARKERING / OP- EN AFLAAI VAN LEERLINGE**

Geen voertuig mag voor die skuifhekke parkeer en/of stilhou vir watter tydperk ook al nie.

**5.1 Op- en aflaai van Gr. RR en R leerlinge:**

Hierdie leerders het hulle eie toegangshek reg langs Kiewietsnes. Geen ander leerling mag hierdie hek gebruik nie.

**5.2 Aflaai van Gr. 1 – 7 leerlinge:**

Slegs hek 1 en hek 4 word in die oggende deur leerlinge gebruik om toegang tot die skool te verkry.

**5.3 Oplaai van Gr. 1 – 7 leerlinge na skool:**

Slegs hek 4 en 5 word in die middae na skool deur leerlinge gebruik om die terrein te verlaat. Hek 4 sal om 13:00 oopgesluit word wanneer die Gr.1- leerlinge huis toe gaan en sal weer om 14:00 toegesluit word . Hek 5 sal om 13:45 oopgesluit word en sal dan oop bly tot 17:30.

**5.4 Personeelhekke**

Hek 1 en hek 3 is slegs vir personeel. **GEEN** ander voertuie word voor of na skoolure op die terrein toegelaat nie.

**Let wel: U kind se veiligheid is vir ons belangrik en daarom vra ons u om bogenoemde reëlings te respekteer. In geval van reën sal alle toegangshekke oop wees.**

## 6. SPORT

Baie geluk aan Ciara Swarts wat gekies is om aan die Suid-Afrikaanse Junior Geslote Skaakkampioenskappe deel te neem. Ons is voorwaar trots op.

## 7. SKOOLFONDS

Baie dankie vir u positiewe ondersteuning ten opsigte van bogenoemde. Let wel : Indien u die volle skoolfondsbedrag voor of op einde Maart 2026 betaal, kwalifiseer u nog steeds vir **korting van 8%.** Neem asseblief kennis dat die finansiële kantoor gesluit sal wees vanaf Donderdag, 26 Maart 2026.

## 8. ONBEKENDE INBETALINGS

Die volgende inbetalings kan nie opgespoor word nie.

| | |
|---|---|
| V Oosthuizen | - R 950 op 2026/02/26 |
| Capitec G van Rooyen | - R2 500 op 2026/02/27 |
| Dl0000005112 | - R1 000 op 2026/03/04 |

Kontak asseblief vir Mev Van Wyk indien die inbetaling deur u gedoen is.

## 9. SKOOLSLUITING

Die skool sluit Vrydag, 27 Maart 2026 en heropen weer op Woensdag, 8 April 2026 om 07:25 vir die leerders. ‘n Aangename rustyd saam met u kinders word u almal toegewens.

Eligwagroete

**BD BOSHOFF**
**HOOF**